

Vuk'uzenzele



Produced by Government Communications (GCIS)

English/Afrikaans

| April 2019 Uitgawe 2

Steps to curb women abuse



Building a better SA with social partners

Page 4



President Cyril Ramaphosa officially opened the Booyens Magistrate's Court and signed the GBVF Declaration. This has been hailed as a step in the right direction in ending women and child abuse in South Africa.

President Cyril Ramaphosa has reiterated that women abuse has no place in South Africa. "It should also have no place in our homes, at places of work, churches, schools and on the streets of our townships, on the

pathways of our villages and also in our cities and towns," President Ramaphosa said. He was speaking at the official opening of Booyens Magistrate's Court and the signing of the Gender-Based Violence and Femicide (GBVF) Dec-

laration in Johannesburg recently. The state-of-the-art Booyens Magistrate's Court comprises 10 courts, including four district courts, Civil Court, Family Court, Children's Court, Small Claims Court, as well as two regional courts for criminal

and sexual offences. The declaration, on the other hand, is borne out of the National GBV and Femicide Summit, held in November 2018, in an effort to find solutions to GBV and femicide.

Cont. page 2



Young mother leads autism awareness drive

Page 5



ALSO AVAILABLE ON:



@VukuzenzeleNews

Vuk'uzenzele

Websites: www.gcis.gov.za

www.vukuzenzele.gov.za

Email: vukuzenzele@gcis.gov.za

Tel: 012 473 0353

FREE COPY

Did you know? THE 2019 ELECTIONS WILL BE HELD ON 8 MAY 2019

Verstaan outisme

Die versteuring veroorsaak vir ouers verwarring, frustrasie en vernedering. Baie ouers is nie bewus van die versteuring, of wat hulle kan doen om hul kinders te help om 'normale' lewens te lei nie.

Wat is outisme?

Outisme is 'n neurologiese versteuring wat by geboorte voorkom en dikwels in die eerste paar jaar van 'n kind se lewe simptome begin toon.

Julia Mathabathe, kliniese sielkundige by Steve Biko Akademiese Hospitaal, verduidelik dat outistiese kinders die wêreld baie anders as ander kinders ervaar.

"Hulle sukkel om te kommunikeer en in wisselwerking met ander te tree. Hulle het ook verskillende sintuiglike simptome; hulle kan dinge anders as ander mense ruik, sien of hoor. Hulle kan aggressief optree, woede-aanvalle kry, of hulself



beseer," sê Mathabathe.

Ouers kan dit uiters uitdagend vind om hierdie gedrag te hanteer, veral wanneer dit in die publiek gebeur.

Hoe kan ouers kinders met outisme help?

Mathabathe sê dat die behandeling van outisme grootliks daarop fokus om ouers te help

verstaan hoe hulle kinders die lewe ervaar.

"Ouers moet regtig probeer om hulself in hulle kind se skoene te plaas. Hulle moet die beste maniere vind om verbaal of nie-verbaal met hulle kinders te kommunikeer en die tekens wat die kind toon, te verstaan. Byvoorbeeld, as 'n kind 'n woede-aanval het, moet jy bepaal

wat dit veroorsaak het en dan gedrag verander om die beste by die kind se behoeftes te pas."

Mathabathe sê dat dit belangrik vir ouers is om hulp te verkry sodra hulle enige kwesies met hulle kind opmerk.

"Wanneer 'n kind vroeg reeds met outisme gediagnoseer word, is daar 'n veel groter kans op verbetering in die toestand.

Drie persent van kinders wat tussen die ouderdom van twee en vier met outisme gediagnoseer, kan dit ontgroeï. Teen die tyd dat die kind die ouderdom van sewe tot 11 bereik, kan die kind in staat wees om 'n baie meer normale lewe te lei."

Waarheen kan ouers hulle kinders neem vir behandeling?

Mathabathe sê dat outisme in baie gevalle nie heeltemal genees kan word nie, maar dat dit doeltreffend beheer kan word. Sy voeg by dat onderwysers 'n kritieke rol speel om probleme by kinders in die skool te herken en voor te stel dat kinders na 'n sielkundige verwys word.

V

Ouers kan Outisme Suid-Afrika by 011 484 9099 kontak vir meer inligting en raad oor outisme
info@autismsouthafrica.org.za

Jong ma lei outisembewustheidsveldtog

Galoome Shopane

Letlhodilwe Moroe van Bloemfontein in die Vrystaat bevorder bewustheid oor outisme in haar gemeenskap.

As ma van 'n elfjarige outistiese seun het sy 'n besluit geneem om Tokologo Place of Hope, 'n nuwingsgewende organisasie, te stig, wat bewustheid van outisme bevorder, inligting daarvoor verskaf en ouers van outistiese kinders ondersteun.

Moroe glo dat daar min begrip oor outisme onder ouers met outistiese kinders is, veral diegene wat in townships en landelike gebiede woon.

Outisme is 'n ontwikkelingsversteuring wat gekenmerk word deur probleme met kommunikasie, die vestiging van verhoudings met ander mense en taalgebruik.

Deur haar organisasie help Moroe huishoudings met kinders aan die hoof en gesinne van kinders met outisme om toegang tot gestremdheidstoelae, medikasie en terapie te verkry.



Letlhodilwe Moroe saam met haar seun Sihle, wat outisme het.

laes, medikasie en terapie te verkry.

"Outisme is 'n uitdaging en dit verg baie van 'n ouer. Wanneer 'n ouer aanvaar dat hulle kind outisties is, word daardie kind se lewe beter."

Moroe sê dat haar lewe heeltemal verander het toe sy uitgevind het dat haar seun

outisties is.

"Alles het verander. Ek kon nie werk nie en skole en terapie vir my seun was duur."

In haar soeke na beter geleenthede vir haar seun, het Moroe Gauteng toe verhuis om skole te vind wat in outisme spesialiseer, aangesien die Vrystaat nie sulke skole het nie.

"Daar is in die Vrystaat skole vir kinders met gestremdhede, maar hulle laat hoogstens agt kinders per klas toe en daar is 'n lang waglys."

Selfs met die uitdagings wat sy in die gesig staar, sê Moroe

Moroe dat dit 'n seëning is om 'n kind met outisme te hê. "My seun se toestand het vir

my baie krag gegee en geduld geleer. Hy is baie begaafd en is mal oor allerlei masjientjies. Hy is baie goed met tegnologie."

Moroe vier die klein presta-

"Wanneer 'n ouer aanvaar dat hulle kind outisties is, word daardie kind se lewe beter."

sies in haar seun se ontwikkeling.

"My seun is nou op 'n beter en gelukkiger plek. Hy leer om te praat, dra nie meer doeke nie en ek kan sy hare sny terwyl hy wakker is."

Moroe se droom is om eendag 'n sentrum vir outisme in die Vrystaat te open. **V**